



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

**Gratis kinder storie:**

## **Die kielierige neus** deur Anna Emm

Dit is die koningin se verjaardag vandag. Sy kry vreeslik baie presente. Die diensmeisies het vir haar 'n hele eetkamertafel vol lekker eetgoed gedek, en die kasteel wemel van die gaste. Al die belangrike mense in die land het gekom om vir die koningin geluk te wens met haar verjaardag. Die mense is baie lief vir die koningin. Hulle wil haar graag bederf.

"Kyk net al die blomme!" sê Prins Willem toe hy in die sitkamer kom. Die hele sitkamer is vol blomme wat die gaste vir die koningin gebring het. Daar is geel rose en wit rose en pienk rose, en daar is baie ander soorte blomme ook waarvan Prins Willem nie die name ken nie. Hy het nog nooit so baie blomme op een plek gesien nie.

Toe Prins Willem by die trappe opgaan na sy kamer toe, begin sy neus kielie. Hy vryf dit heen en weer, maar die kielie gaan nie weg nie. Hy nies twee keer. In die kamer speel hy met sy blokkies en karretjies. Maar dis nie lekker nie. Sy neus kielie, en elke nou en dan moet hy ophou speel en eers vryf. Hy nies nege keer.

Daardie aand nies Prins Willem veertien keer in die bad, en ses keer aan die etenstafel.

"Wat op aarde kan dit dan wees?" vra die koning.

"My neus kielie al die hele dag lank," sug Prins Willem.

"Dalk het jy te veel melktert geëet," glimlag die koningin.

Daardie nag nies Prins Willem heeltyd. Niemand kan slaap nie. Die koningin gee vir hom 'n geel hooikoors-pilletjie.

"Wat is hooikoors?" vra Prins Willem en nies nog twee keer.

"Dis 'n soort allergie wat jy het vir iets," sê die koningin vaak. "Dis wat jou neus so laat kielie. Dis seker al die blomme in die sitkamer wat vir jou so hooikoors gee."

Die volgende oggend het twee van die diensmeisies ook hooikoors. Die koning het ook hooikoors. Almal nies.

Later die dag kry die ouetehuis se tannies elkeen 'n groot bos blomme van die koningin, en niemand kan verstaan waarom sy skielik so gaaf is om vir hulle blomme te stuur nie!

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

**Die kielerige neus** illustrasie deur Elanie Bieldt



**Nuus uit die kantoor:**

## Ons gewilde **STORIEKLUB** het nou 'n boekie-opsie ook!

Anna Emm Productions se gewilde "STORIEKLUB" is al jare reeds die kinderklub met die beste waarde vir geld! Honderde ouers het al aangesluit en so hope vol storie-CDs en DVDs vir hulle kinders versamel. Op aanvraag van ons kliënte, brei "STORIEKLUB" nou hierdie maand verder uit, en bied 'n splinternuwe boekklub-opsie aan ouers wat graag Afrikaanse storieboekies wil aankoop.

Met STORIEKLUB-BOEKE kan jy nou aansluit en elke maand 2 nuwe storieboekies in die pos ontvang! Daar is 'n minimum lidmaatskapperiode van 6 maande, en R130 per maand sluit jou posgeld in!

Laai die Storieklub-vorm hier af: <http://www.annaemm.co.za/PDFs/Storieklub.pdf>

# Nuut!! Sluit aan by Anna Emm Productions se **STORIEKLUB** en kry **TWEE** splinternuwe **Afrikaanse storieboekies**

elke maand in die pos!

**Nuwe opsie:**  
"Storieklub- boekies" @ R130 p/maand

Sluit aan by Anna Emm se STORIEKLUB  
en ontvang twee nuwe Afrikaanse boekies  
elke maand in die pos!  
(Minimum 6 maande)

Bestaande STORIEKLUB-lede kan hulle opsie  
verander na "Storieklub-boekies"!



### Ander Storieklub-opsies:

- \* Storieklub-basies @ R99 (1x luister-CD met 4 stories p/maand)
- \* Storieklub-boek+cd @ R130 (1x A4boek met luister-CD p/maand)
- \* Storieklub-dvd @ R130 (1x storie-DVD p/maand)

021 911 5618 | [storieklub@annaemm.co.za](mailto:storieklub@annaemm.co.za)

**[www.annaemm.co.za](http://www.annaemm.co.za)**

Anna Emm Productions  
[www.annaemm.co.za](http://www.annaemm.co.za)